


God se Asem tussen Bladsye

Vyf drama's vir gemeentes om op te voer by die tema's



WEEK 1

DIE RYKDOM VAN GOD SE WOORD

(VROU SIT BY TAFEL, MOEDELLOOS EN MOEG. SKAKEL 'N NR.)

VROU: Hallo, is dit Elohim Mediese Sentrum? Wie praat? Nee, vandag wil ek nie met 'n vaal aptekertjie praat nie, ek wil met 'n dokter praat, of nog beter – sit die dokter se baas... nee die dokter se baas se baas op die lyn. Dis hoe desperaat ek is!

(LUISTER)

VROU: O, dit is die baas wat praat. Meneer, ek wil hê jy moet luister, baie mooi luister, want ek gaan in hoofletters praat. Ek is nie olik nie, ek voel nie siek nie, ek is vêr by ellendig verby!

(LUISTER)

VROU: Hoor jy wat ek sê, Meneer, hierdie ellendig is nie net ellendig soos wat jy dit ken nie, hierdie ellendig is... goor... trietsig... e-e-e emosioneel heeltemal gehawend. Moeg, ek is so bitter moeg...

(HUILERIG)

VROU: Meneer, ek smee jou, ek kan nie meer nie. Ek is op die rand van... van heeltemal...

(FLUISTER)

VROU: ... opgee op die lewe. Jy moet my help.

(LUISTER)

VROU: 'n Wat? M-m-m. Ja? En?

(LUISTER)

VROU: Heeltemal iets anders... m-m-m. Maar is daar enige waarborg dat dit my sal help?

(LUISTER)

VROU: Gewaarborg? Regtig? Ja? Uhm... o, die voubiljet binne. Ek sal so maak. Ek sal enigiets probeer. Wanneer kan ek dit kom kry?

(LUISTER)

VROU: Stuur dit vir my. O dis gaaf.

(LUISTER)

VROU: Spoedkoeriers? Onmiddellike aflewering? Dis goeie nuus.

(VOORDEURKLOKKIE LUI)

VROU: Baie dankie. Ek moet gaan – daar is iemand by die deur. Totsien... ekskuus? Já, Meneer, jy het dit mos nou al gesê... ja... ek sal die voubiljet binne- in die houer deeglik lees. Ja, ek belowe. Totsiens.

(VROU STAP DEUR TOE)

VROU: Klink nogal of die man regtig omgee...

(VROU MAAK DEUR OOP. NET DIE GROOT HOUER MET KAPSULES STAAN VOOR DIE DEUR)

(REGOP SWART ASBLIK MET OMHULSEL SOOS PILHOUER)

(DAAROP IS DIE VIOLGENDE GEDRUK)

BIBLICA KAPSULES

BREë SPEKTRUM

NEEM DAAGLIKS SOOS BENODIG

(VROU KYK OF SY IEMAND IN STRAAT SIEN)

(VERBAAS)

VROU: Onmoontlik! Dit was verskriklik vinnig... Amazing!

(STOOT HOUER IN EN MAAK DEUR TOE. KYK HOUER OP EN AF)

(BEGIN HOUER OOPMAAK)

VROU: Ek hoop hierdie help. Dis my laaste hoop. Ek is siek en sat vir al hierdie voorskrifte en boererate en kitsresepte vir genesing.

(STEUN)

VROU: So ja!

VROU: Daardie man het my uitdruklik gesê, nee, hy het my uitdruklik beveel om die voubiljet deeglik te bestudeer alvorens ek die kapsules neem.

(SY TREK 'N LYWIGE DOKUMENT UIT DIE HOUER, VOU OOP EN LEES)

VROU: Mmmm laat ek sien...

(IN 'N LEESSTEM)

VROU: **EIENDOMSNAAM:**

Biblica Woordkapsules... dan seker hulle eie apteek se konkoksie.

SAMESTELLING:

'n Kompakte kapsule met die aktiewe bestanddeel, *Volmaakte liefde*. Huh?

FARMAKOLOGIESE WERKING:

Werk simptome van angs, onsekerheid, moedeloosheid en depressie teë. Dis presies wat ek nodig het!

Die tablet bevat 'n breëspektrumbestanddeel wat vitaliteit en energie tot gevolg het. Die gebruik daarvan verhelder onder andere sig, gehoor en verstand met gevolglike wysheid.

(SKINK WATER OM KAPSULE TE SLUK TERWYL SY LEES)

WAARSKUWING:

Die gebruik van die kapsule mag lei tot 'n reaksie van blydskap asook 'n onverwagse sin vir regverdigheid en standvastigheid.

BELANGRIK:

Moenie oorslaan nie. Neem die kapsule op 'n gereelde basis vir gewaarborgde en spoedige herstel.

Die kapsule is veilig vir gebruik deur swanger vroue en vroue wat borsvoed.

(LAG)

Glo darem nie ek val in daardie kategorie nie.

AANBEVOLE DOSIS:

Gebruik soos benodig. Mag op 'n leë maag geneem word.

SIMPTOME VAN OORDOSERING:

Oordosering is nog nooit voorheen gerapporteer nie. Neem gerus 'n dubbele dosis indien simptome hardnekkig klou. Sou jy onseker wees of jy reeds die aanbevole dosis geneem het, neem met vrymoedigheid nog 'n dosis.

NEWE-EFFEKTE:

Geen.

VERVALDATUM:

Wanneer Christus weer kom.

(SLUK KAPSULE EN NOG EN NOG EN GEE 'N KLIKSPRONGETJIE AS AFLOOP)

WEEK 2

OM GOD SE WIL TE GOOGLE

(MAN SIT IN MOTOR EN BESTUUR MET SELFOON LANGS HOM. HY TEL FOON OP KYK EN SIT WEER NEER)

MAN: Toe Blikbrein, praat nou!

GPS SE STEM: RY IN 'N SUIDWESTELIKE RIGTING.

MAN: Suidwes, suidwes! Hoe de duiwel moet ek weet waar suidwes is.

(SLAAN GEFRUSTREER OP STUURWIEL. KYK ROND)

MAN: Ek is in my kanon in verdwaal!

(KYK OF HY SON IEWERS KAN SIEN)

MAN: Dis bewolk! Die son is weg. Ek weet nie watter rigting suidwes is nie!

(TEL FOON OP)

MAN: Sê my watter pád ek moet ry; nie watter rigting nie, onnosel. Ek is g'n siener nie.

GPS: RY IN 'N SUIDWESTELIKE RIGTING VIR 30 KM.

(SIT FOON ONGEDULDIG TERUG)

MAN: So wat sê jy nou eintlik... is ek in 'n suidwestelike rigting op pad, of nie?

(STILTE TERWYL HY RONDKYK VIR 'N BAKEN)

MAN: Wat? Wat het jy gesê? Tagtig kilometer?

(TEL FOON OP)

Het jy gesê tagtig KILOMETER!?

(SIT FOON NEER)

MAN: Onmoontlik, jou swaap... dan is ek lankal by my bestemming verby. Dit kan tog nie wees nie... Ek moet op die verkeerde pad wees. Ek smyt jou sommer by die venster uit.

MAN: Hierdie Google en elektroniese aparate is net soos die mensdom deesdae, net bek. Geen integriteit nie. Totaal onbetroubaar.

MAN: AAAAA! Maar hier is dan 'n afdraai na Lake Paradise!

(SIT FLIKKER AAN EN DRAAI)

MAN: Daarsy! Dit lyk na besigheid... dis nou wel 'n grondpad, maar seker die kortste roete!

GPS: HERBEREKEN. HERBEREKEN. MAAK 'N U-DRAAI. HERBEREKEN.

MAN: Herbereken se voet, ou maat. Hierdie pad gaan Lake Paradise toe en dis waarheen ek op pad is.

(MAN BEGIN SKUD EN SKOMMEL OP LELIKE PAD. SLAGGAT)

(SKUD EN SKOMMEL)

MAN: Genade, maar die pad is lelik. Lyk of hier 'n vloedwater deur is. Die hele pad is verspoel.

GPS: HERBEREKEN. HERBEREKEN. MAAK 'N U-DRAAI.

MAN: Kry dit in jou kop, Idioot. Ek is nou op hierdie pad en ek gaan nie omdraai nie!

GPS: HERBEREKEN.

MAN: As jy nie jou storie gaan verander nie, vlieg jy met jou knaende, irriterende stem permanent by die venster uit.

GPS: MAAK 'N U-DRAAI. VERLEGGING VOOR.

(SKUD EN SKOMMEL. REM SKIELIK)

MAN: 'n Verlegging! Nóú sê jy my! Ag nee, hoekom juis op dié pad! Jy moes my vroeër gewaarsku het, Blikkop!

(HY DRAAI OM)

MAN: Ek het reeds soveel tyd gemors.

(SKUD EN SKOMMEL VERDER)

GPS: NA 800 METER DRAAI REGS.

(SKUD EN SKOMMEL)

MAN: Baie dankie, maar dit kon ek seker self uitgedink het.

(SIT FLIKKER AAN; KYK VIR VERKEER NA LINKS EN DRAAI REGS)

GPS: RY IN 'N SUIDWESTELIKE RIGTING VIR DERTIG KILOMETER EN DRAAI DAN REGS.

MAN: Dertig? Jy het dan nou-nou gesê tagtig kilometer! Dit klink beter! Nou kom jy reg. Dertig kilo's op 'n teerpad is somer chop-chop. Uiteindelik kom jy by, GPS.

(RUK EN SKOMMEL)

MAN: Wat de duiwel? Wat gaan nou aan? Ag nee, moenie vir my sê dis 'n pap wiel nie!

(STOP, KLIM UIT MET FOON IN HAND EN GOOI HANDE MOEDELOOS IN LUG)

MAN: Ek glo dit nie! Dis natuurlik nou die gevolge van daardie lelike pad.

(PRAAT ASOF MET FOON)

MAN: Sien jy nou wat jy aangevang het. Dis alles jou skuld!

(SKOP NA WIEL)

MAN: Dis wat gebeur as jy jou vertrou in 'n GPS plaas.

GPS: G...P...S staan vir GOD SE PERSOONLIKE STEM... LUISTER FYN EN DOEN WAT REG IS.

(MAN STAAR VERBAAS NA FOON)

WEEK 3

ASEM IN ASEM UIT

(VROU MET FOON SIT BY LESSENAAR)

VROU: As daar nou een mens is wat practise wat sy preach, is dit ek.

(LUISTER)

VROU: Skynheilig? Dit is seker die grofste belediging wat iemand nog ooit vir my as Christen gegee het. Nee, my maat, hier by my is dit 'n geval van, what you see is what you get, the real thing. Nee wat. Dis jou opinie. Ek kan nie glo jy sien my spreekwoordelike ou splintertjie raak verby daai reusagtige stomp in jou eie oog nie! Daar is niemand so blind soos hy wat nie wil sien nie, Gideon Barendse!

(SIT FOON NEER)

VROU: Ek kan nie glo wat hy so pas vir my gesê het nie.

(DINK)

VROU: Ek probeer juis so hard om my Christenskap ook op kantoor uit te leef. GMPF so 'n vermetelete vent.

(KLOP AAN DEUR)

VROU: Kom binne.

(SEKRETARESSE MET LÊER KOM IN)

SEKRETARESSE: Meneer Barendse stuur hierdie lêer, Mevrou.

(VROU BLAAI DEUR EN GEE TERUG AAN SEKRETARESSE)

VROU: Vat hierdie lêer en sê jy vir meneer Barendse, hy kan regtig maar sy eie vuilwerk doen.

(SEKRETARESSE LOOP UIT)

VROU: Vanessa, wag, kom eers hier. Ek wil hê jy moet vir my 'n eerlike antwoord gee: Dink jy ek is 'n Christen?

(SEKRETARESSE KYK HAAR LANK AAN. TREK SKOUERS OP)

SEKRETARESSE: Mevrouw is seker 'n Christen, ek weet nie, almal sê mos maar hulle is Christene, maar... dis moeilik... sodra hulle hulle monde oopmaak of mens sien hulle elders, op die gholfbaan of so, dan... dan klink hulle maar almal dieselfde. By hierdie firma is dit moeilik om te sê... almal is erg ongeduldig en onverdraagsaam teenoor mekaar, so ek weet nie meer mooi hoe 'n Christen eintlik moet lyk nie. Miskien moet iemand net weer vir my 'n defenisie van 'n Christen gee.

(SEKRETARESSE LOOP WEER UIT)

VROU: Vanessa! Bring daai lêer hier.

(SEKRETARESSE OORHANDIG DIT AAN VROU)

VROU: Sê vir meneer Barendse ek sal dit voor vanaand vir hom afhandel en op sy lessenaar terug besorg.

(SEKRETARESSE STAP UIT)

VROU: Sjoel! Hoe genadeloos tref die heilige, ronde, naakte waarheid my nou tussen die oë. Beslis nie die getuigskrif waarop ek gehoop het nie.

(SIT LANG RUK EN DINK)

VROU: Here, jammer vir hierdie swak ambassadeur wat U by die firma aangeteken het.

(STAP HEEN EN WEER EN DINK)

VROU: Ja. Ja! Dis wat ek gaan doen.

(VAT HORLOSIE)

VROU: Ek gaan my horlosie so stel dat die alarm elke halfuur aan my arm vibreer. Elke halfuur sal ek myself eerlik afvra of ek wel die laaste halfuur soos Jesus gepraat en opgetree het.

Dit sal my herinneringsteken wees!

WEEK 4

HOE OM TE BOER IN DIE BYBEL

(TWEE PLANTHOUERS)

(LINDA KOM IN EN GOOI KOMPOS BY EEN EN SPIT OM)

(ANDER POT STAAN LANGS 'N KRAAN. PAT, MET HANDSKOENE AAN, KOM IN MET PLANT WAT IN POT LANGS KRAAN GEPLANT WORD)

PAM: Wat maak jy?

LINDA: Ek berei hierdie grond voor, want ek wil varkore hierin kom plant.

PAM: O, great minds! Ek plant ook varkore. Ondervinding het my geleer, hierdie grond is reg net soos dit is, vrugbaar en los. Dis glad nie nodig vir kompos nie. Kompos inwerk is tyd- en geldmors.

LINDA: Hier was so baie onkruid in die pot dat ek dit eers moes uittrek om plek te maak vir die plant. Ek sien jy los die onkruid in jou pot, saam met jou nuwe plant.

PAM: Ondervinding het my geleer dat die onkruid die wortels en jong plant beskerm. Die reuk van die onkruid is so skerp dat dit goggas weghou.

(ALBEI WERSKAF OF PLANT IN POT TE PLANT)

(LINDA GAAN HAAL GIETER EN GOOI PLANT NAT)

(PAM TREK HANDSKOENE UIT)

PAM: So ja!

LINDA: Gaan jy nie jou plant water gee nie?

PAM: Nee wat, ondervinding het my geleer, 'n dorstige plant wat bietjie swaarkry, word 'n sterk plant. Die plant sal oorleef, dit staan immers vlak langs 'n kraan.

(PAM STAP AF)

LINDA: Ondervinding het my ook iets geleer... jy kan van dors omkom, vlak langs 'n lopende kraan.

WEEK 5

SPIEËLTJIE SPIEËLTJIE

(TWEE LAKEIE SIT VOOR TOE DEUR. AGTER DIE DEUR HUIL EN TREUR 'N MAN)

LAKEI 1: Kan ons niks doen om die koning te help nie? Dis nou al drie dae wat hy so ween. Wat gaan aan met hom?

(LAKEI 2 SKUD MOEDELOOS SY KOP)

LAKEI 2: Hy huil oor sy verlore jeug. Hy het twee ekstra plooië en nog drie grys hare ontdek.

LAKEI 1: Jy speel tog seker! Is dit die waarheid?

LAKEI 2: Dit het twee jaar gelede begin toe hy die mal idee in sy kop gekry het om al die vensters in sy kamer met spieëls te vervang. Boonop nog drie reusagtige spieëls bygekoop. Jy moet dit sien om dit te glo. Dit lyk soos 'n gekkeparadys daarbinne.

LAKEI 1: Maar wat sou sy hoogheid se motief daaragter wees?

LAKEI 2: Geen verskuilde motief nie, bloot sodat hy sy potsierlike lyfie uit elke hoek en draai kan bekyk. Ek het hom gewaarsku! Vir hom gesê: U Koninklike Hoogheid, hierdie ding wat u aanvang gaan nog groot ongeluk bring. En daar het jy dit nou.

LAKEI 1: Het jy gewaag om dit vir hom in sy gesig te sê?

LAKEI 2: Presies net so. Hy was vir so 'n paar dae vies, maar toe die spieëls eers hier is, het hy van alles vergeet, ook my opmerking. Toe gaan dit net oor homself, sy beeld en sy voorkoms.

(KONING HUIL HARTVERSKEUREND)

LAKEI 2: Ek weet nie hoeveel langer ek die geweeklaag sal kan uithou nie.

(KONING SKREE EN GLAS BREEK)

LAKEI 1: En nou?

(ALBEI SPRING OP EN LUISTER BY DIE DEUR)

(STILTE)

LAKEI 1: Wat gaan aan?

(STILTE)

LAKEI 2: Ek hoor niks. Dink jy ek moet gaan kyk?

LAKEI 2: Miskien moet ons gaan kyk, nou-nou het hy flou geval en homself beseer!

(KONING ROEP OPGEWONDE)

KONING: Alfeus! Alfeus! Kom dadelik hier!

(TWEE MAAK DEUR OOP NA KONING)

KONING: Kom! Kom kyk. Kyk hoe pragtig lyk die herfsblare; ek het nie eers besef dit is al herfs nie. En kyk! Kyk net daar. Ag siestog julle! Kyk! Daar onder in die straat sit 'n vrou met 'n baba en bedel.

(HULLE KYK ALMAL DEUR GEBREEKTE RUIT)

KONING: Gaan haal haar, Alfeus. Dadelik! Sy eet vanaand aan my tafel en... kyk daai kruppel man daar! Sien jy hom, Alfeus? Bring hom somer saam. Vanaand vier ons fees, skielik voel ek nie meer so eensaam nie!